W. FABER, *Wysgeren in Nederland,* G. F. Callenbach, Nijkerk, 1954 (196 bls.).

Die skrywer van hierdie werk is 'n oud-leeraar van die christelike lyseum te Hoogeveen. As sodanig is hy daarom nie in die gewone sin van die woord „professionele" wysgeer nie. Desnieteenstaande is hy goed op hoogte van die geskiedenis van die wysbegeerte en veral die laaste paar stukke toon dat hy die stof goed beheers. Tog blyk dit dat hy dikwels eerder aandag aan die geskiedenis van die betrokke persoon as aan sy wysbegeerte skenk en voel ons dat ons meer wysbegeerte en minder biografie sou wou hê.

Die skrywer is deur en deur Neo-Calvinis en 'n oortuigde en onkritiese aanhanger van die wysbegeerte van die wetsidee. Op al die wysgere wat hy behandel, lewer hy kritiek (behalwe Dooyeweerd en Vollenhoven), maar die kritiek is selde 'n wysgerige kritiek; dit gaan altyd oor die houding van die betrokke persoon ten opsigte van die godsdiens, die rol van Christus in sy lewe en so meer. Dikwels voel 'n mens dat hierdie kritiek nog kant nog wal raak, volkome uiterlik is en bloot uit die vooropstellinge van die skrywer spruit. As 'n mens egter met die materiaal bekend is en nie soseer nodig het om 'n kritiek te soek nie, gee die beklemtoning van die godsdienstige aspek dikwels klein details waaraan jy vroeër nie gedink het nie of waarmee jy nie bekend was nie, omdat dit in die gewone handboeke as onbelangrik weggelaat word.

Faber grens die gebied wat hy behandel geografies af, m.a.w. hy behandel alleen wysgere wat in Nederland gelewe het. Hy gaan die figure eenvoudig chronologies na vanaf die Middeleeue tot by Dooyeweerd en Vollenhoven. Op dié wyse word Descartes en Spinoza ook in die ry ingesluit. Teen die ry figure wat hy behandel, kan 'n mens egter heelwat kritiek inbring: hy behandel bv. Siger van Brabant en Erasmus, wat eintlik net in Nederland gebore is; so ook Jan van

Ruusbroeck, wat nouliks 'n filosoof genoem kan word, terwyl eg-Nederlandse figure uit die latere tyd net genoem word of heeltemaal verswyg word. Dit geld veral die moderne tyd, waar figure soos Bierens de Haan net genoem word, terwyl de Bussy en Gerardus van der Leeuw nie eers genoem word nie. Uit hierdie wyse van optrede sien 'n mens die apologeet vir die wysbegeerte van die wetsidee baie duidelik. Dit blyk ook uit die feit dat aan Descartes twintig, aan Spinoza sewentien, aan Kohnstamm dertien bladsye gewy word (om net die belangrikstes uit te kies), terwyl aan Dooyeweerd en Vollenhoven ses-en-twintig bladsye afgestaan word.

Ten spyte van al die kritiek wat ons tot sover uitgespreek het, wil ons tog die boek ten sterkste aanbeveel. Dit gee 'n mens 'n helder oorsig oor die wysbegeerte in Nederland deur die geskiedenis en bevat 'n massa details wat interessant en ook belangrik is. Dit is interessant en leesbaar geskrywe sodat 'n mens dit geniet. Die beeld van die Nederlandse wysbegeerte vanaf Spinoza tot aan die einde van die negentiende eeu lewer weinig wat groots en oorspronklik is, maar dit is besonder interessant as uitvloeisel van en voortsetting van die stryd oor die gedagtes van mense soos Kant en Hegel.

Tipies van die Nederlandse boekdrukkuns is ook hierdie boek sterk en smaakvol versorg wat druk, papier en band betref.

P. S. Dreyer.